Argief
Studenteraad.
Mag nie verwyder word nie.

Beter Diens
FIETSE
RADIOS ens.
H. VILJOEN
Pleinstraat

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)
Vol. IX, Nr. 2 DONDERDAG, 17 MAART 1955 Prys 1d.

Kom na
DIE UITSPAN
Ons Reël Partytjies en Dinees.
Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.

# S.R. TUSSENVERKIESING 22 MAART

## Die volgende persone is op 'n Massavergadering genomineer vir die S.R. Tussenverkiesing

### DREYER DE KOCK

*Kursus:* S.O.D.
*Akademiese Prestasies:* B.Sc. Ing.
*Koshuis:* P.S.O.
*Ondervinding in Studentesake:*
1953: Redaksielid, *Die Matie*. Tesourier, Universiteitskoor.
1954: Nuusredakteur, *Die Matie*. Tesourier, Universiteitskoor.
1955: Hoofredakteur, *Die Matie*. Voorsitter, Universiteitskoor.
*Ondervinding op Inter-universitêre gebied:*
Afgevaardigde na A.S.B. kongres te Pretoria.
*Algemeen:*

Aangesien S.A.F.S.U. tot dusver nie 'n te groot sukses skyn te wees nie, wil ek my beywer daarvoor dat ons as Universiteit meer aandag sal skenk daaraan, veral aangesien S.A.F.S.U. sy ontstaan aan die ywer van ons Studenteraad te danke het en ook omdat ek ten volle ons standpunt huldig dat die A.S.B. nie in sy doel sal slaag indien die huidige stelsel van ipso facto lidmaatskap bly voortbestaan nie.

Ek sal my ook daarvoor beywer dat ons as 'n A.S.B.-tak hier op Stellenbosch 'n baie lewendiger belangstelling sal toon in die werksaamhede van die A.S.B. en groter belangstelling probeer opwek onder die breër studentemassa. Volgens my mening weet die studente oor die algemeen te min van die A.S.B. en vandaar die gebrek aan belangstelling. Ek sal dan ook alles in my vermoë doen om die A.S.B. beter bekend (en bemind) te maak onder die studente.

### LEROI J. DE WET

*Jaar:* 4de.
*Kursus:* B.Sc., S.O.D.
*Koshuis:* Huis-Marais.
*Ondervinding in Verband met Studentesake:*
Sekr., Junior Hoofbestuur 1953.
Huis-Marais Huiskomitee, end van 1953.
Sekr. sedert 1954.
Tesourier, Langenhoven Gedenksaalkomitee.
Lid van A.S.B.-komitee.
*Sport:*
Voetbal.
*Algemeen:*

### HENRY DOUBELL

*Jaar:* 4de Jaar.
*Kursus:* B.A. (Regte).
*Kooshuis:* Helderberg.
*Ondervinding in Verband met Studentesake:*
1953: Breë Bestuur, Juniors.
1954: Tesourier, Joolkomitee. Tesourier, Inter-varsity-komitee. Vise-Premarius van Helderberg.
1955: V./Premarius en Raadgewer.
*Sport:*
*Algemeen:*

### PIERRE ALEXANDER DU PLESSIS

*Jaar:* Derde.
*Kursus:* B.Sc. (Ing.) IV, Siviel.
*Koshuis:* Huis Marais.
*Ondervinding in Verband met Studentesake:*
Huis Marais, Huiskomitee 1955. Joolkomitee, 1955.
Vise-Voorsitter, Ingenieurs Vereniging 1955.
Redakteur, Stellenbosche Ingeneursstudent 1955.
Sub-Red. Stellenbosche Ingenieurstudent 1954.
Dans Konvenor Ing. Vereniging 1955.
Toerkomitee Ing. Vereniging 1954.
*Na-Skoolse Loopbaan:*
5 jaar vakleerlingskap voltooi te Yskor, Pretoria, en studeer een jaar aan die Universiteit van die Witwatersrand.
*Algemeen:*

Belangstelling van studente in algemene studente aangeleenthede en veral Verenigingslewe moet aansienlik aangewakker en opgeknap word. Studente moet aangemoedig word om aktiewer lede van hulle Verenigings te wees en ook sodoende nouer kontak tussen fakulteite op akademiese en sosiale gebied te laat ontwikkel.

Daar moet gepoog word om die samewerking wat daar tussen studente en owerhede bestaan verder te bevorder.

### FANIE JACOBS

*Jaar:* 4e jaar.
*Kursus:* Spesiale Student met oog op Kweekskool.
*Koshuis:* Wilgenhof.
*Ondervinding in Verband met Studentesake:*
Lid van Junior Breëbestuur 1953.
Bestuurslid van Debatsvereniging 1954.
Voorsitter van Debatsvereniging 1955.
Sirkulasiebestuurder van „DIE MATIE" 1953.
Sekretaris van die Wilgenhof Herboukomitee 1954-1955.
Lid van Langenhoven Gedenksaalkomitee 1954.
Lid van die Bantoestudiekringbestuur 1954.
Voorsitter van die Bantoestudiekring 1955.
Wenner van Junior Redenaarsbeker 1953.
*Sport:* 1e Span Tennis.
*Algemeen:*

(1) Ek sal my beywer vir die daarstelling van 'n gesonder inter-koshuis verhouding. Kleinlike geskille en vooroordele durf nie on gesonde Universiteitsgees benadeel nie.

(2) Ek sal 'n hegter samewerking tussen die verskillende fakulteitsverenigings asook tussen die Kweekskool en universiteit, voorstaan as noodsaaklike faktor vir die uitbouing van 'n eenheidsgees onder die studente. Isolasie van enigeen van hierdie inrigtings kan ongebalanseerdheid in die hand werk.

### H.P. (JORRIE) JORDAAN

*Jaar:* 7e.
*Kursus:* B.Sc. Ing.
*Koshuis:* Helderberg.
*Ondervinding in verband met Studentesake:*
Juniorbestuur 1950.
Helderberg Huiskomitee 1953.

## STEM VIR SLEGS TWEE

Langenhoven Gedenksaalkomitee 1953.
Joolkomitee 1953.
Premarius Helderberg 1955.
*Sport:* Tennis, ens.
*Algemeen:*

Die stigting van S.A.F.S.U. is m.i. 'n goeie stap solank dit binne die beleid van die A.S.B. handel.

Dit is die plig van seniors om toe te sien dat eerstejaars in die toekoms 'n aanwins sal wees vir die studente-Unie.

In hierdie verband moet die studente nouer samewerking met die Universiteitsraad probeer verkry.

### PIET LABUSCHAGNE

*Jaar:* V.
*Kursus:* B.Sc. (Ing.) V.
*Koshuis:* Huis Visser.
*Ondervinding in Verband met Studentesake:*
Hoof-vlotkonvenor, Huis Visser · 1954 and 1955.
Joolmotorkompetisie - komitee 1954.
Huiskomitee 1953/54, Huis Visser.
Onder-primarius 1954/55, Huis Visser.
Sekretaris, Ingenieurs Toerkomitee, Na-skoolse loopbaan.
Drie jaar werksaam in Afdelingsbestuurder se kantoor, Spoorweë, Oos-Londen.
*Algemeen:*

Graag sou ek sien dat die Ingenieurstudent sy regmatige erkenning in Stellenboschse samelewing verkry, te wete, beter verteenwoordiging op Studente-organisasies, A.S.B.-kongresse, ens. Ondersteun en verwelkom S.A.F.S.U.

### A. C. LOUBSER

*Jaar:* 5de Jaar.
*Kursus:* M.A. Sielk. en Kweekskool.
*Koshuis:* Huis Marais.
*Ondervinding in verband met Studentesake:*
Joolkomitee 1953, 1954.
Tjapkomitee 1954.
Tesourier, Joolkomitee 1955.
Sekretaris, Langenhoven - Gedenksaalkomitee 1955.
Tesourier, Huiskomitee 1955.
*Algemeen:*

Dit is ons plig om die nuwe omstandighede waarin ons studentelewe na ingrypende veranderinge, verkeer, te aanvaar en opnuut ons identiteit as Maties te versterk en te verfraai met nuwe tradisies en 'n gesonde gees.

Die Langenhoven-gedenksaal is ons grootse ideaal wat, as alle studente dit hulle plig maak, binne 'n paar jaar verwesenlik kan word.

Die jool het reeds ons trots geword en die organisasie, die samewerking daarbinne en die bates wat dit oplewer, moet uitgebou word tot ongekende perke.

Die A.S.B. en S.A.F.S.U. verdien ons hoogste waardering en daar moet gepoog word om die waarde en vrug van die organisasies by die gemiddelde student tuis te bring.

Die Christelike geloof, die Afrikanerkultuur en Universiteit van Stellenbosch en die Maties is eerste belangstelling en plig.

### GENE LOUW

*Jaar:* Derde.
*Kursus:* B.A. (Regte) III.
*Koshuis:* P.S.O.
*Na-Skoolse Loopbaan:* Drie jaar werksaam in Kaapse Provinsiale Administrasie en studeer een jaar aan die Universiteit van Kaapstad.
*Ondervinding i.v.m. Studentesake:* 1953: Stembuskomitee.
1954: Lid van (1) P.S.O.-Huiskomitee; (2) Langenhoven-Gedenksaalkomitee; (3) Bestuur van Bantoestudiekring; (4) Junior-Breëbestuur.
1955: (a) Lid van A.S.B.-komitee; (b) Sekretaris van P.S.O.-Huiskomitee; (c) Onder-voorsitter van Juridiese vereniging.
*Sport:* Rugby: 1952: Ikeys Eerspan.
1953/54: Maties Eerste- en Tweedespanne en Gekombineerde Universiteite Toerspan.
*Inter-universitêre gebied:* Afgevaardigde na A.S.B.-kongres gehou te word in April 1955 te Pretoria.
*Algemeen:*

(1) Oorweging moet daaraan geskenk word om die biblioteek meer dikwels op weeksaande oop te maak en/of langer biblioteekure saans. Dit geld verál vir privaat studente wat dikwels in minder ideale omstandighede moet studeer, en meermale met swakker studie-fasiliteite tevrede moet wees.

(2) Die spoedige verwesenliking van die Langenhoven-Gedenksaal-ideaal moet elke student se ernstige strewe wees. Groter samewerking kan nog aan die dag gelê word met betrekking tot die insameling van fondse vir hierdie doel.

# U ONDERSTEUNING WORD GEVRA

**MÔRE IS DIE GROOT DAG VIR DIE VERKOOP VAN JOOLBLAAIE.**

**Daar is 'n oplaag van 25,000 gedruk en aangesien Vrydag, 18 Maart as 'n vakansiedag vir die uitsluitlike verkoop van joolblaaie gereël is, word dit van elke student, hetsy eerstejaar of senior, verwag om syheelhartige ondersteuning aan hierdie belangrike item op ons Joolprogram, toe te sê.**

'n Groot area moet gedek word, met Knysna, Piketberg en Touwsrivier as die grensdorpe. Dertien busse sal gewillige verkopers na die skiereiland vervoer, terwyl twee busse vir vervoer na die binneland beskikbaar sal wees.

Alle persone wat hulle name ingegee het vir Joolblad verkope, sowel as alle eerstejaars, moet die kennisgewingborde dophou vir verdere kennisgewing. Persone wat van hulle eie karre gebruik maak, moet vanaand hulle Joolblaaie kom haal by E. Rossouw, Kamer 65, Huis-Visser. Elkeen sal afsonderlike instruksies ontvang.

**„Daar is net een dag waarin die hele oplaag van 25,000 blaaie verkoop moet word en hoewel ons die dag sommer baie gaan geniet, gaan ons elkeen ons plig ook doen," het mnr. Rossouw gesê."**

# Die Matie

*REDAKSIE*

**HOOFREDAKTEUR:** DREYER DE KOCK (Noordwal 42).

**SUBREDAKTEURS:**

**NUUS:** BEN DU PREEZ (Huis-Marais).

**KUNS:** HANNES CRONJÉ (Huis-Marais).

**SPORT:** WILLIE SCHOEMAN (Wilgenhof).

**VERSLAGGEWERS:**

**NUUS:** FLIP OOSTHUIZEN (Huis-Marais); NIEL ROSSOUW (Huis-Marais).

**KUNS:** URSULA MARX (Sonop).

**SPORT:** ÖHNA CONRADIE (Huis-ten-Bosch), LE ROUX TERBLANCHE (Huis-Visser).

**ADMINISTRASIE:**

**FINANSIES:** FREDDIE CALITZ (Huis-Visser).

**ADVERTENSIES:** ETIENNE ROSSOUW (Huis-Visser).

**SIRKULASIE:** VIVIAN HUMANN (Wilgenhof).

**SEKRETARIS:** TERTIUS KLEYN (Helderberg).

**FOTOGRAFIE:** BENNIE WIID (Huis-Visser).

**SPOTPRENTE:** BENNIE WIID (Huis-Visser).

**DONDERDAG, 17 MAART 1955**


# Ons Plig

TE midde van al die drukke werksaamhede in verband met die jool, moet ons nou nog 'n verkiesing ook hou.

Hierdie stap is nodig geag deur die S.R. nadat twee van die lede bedank het, omdat hulle Stellenbosch aan die einde van verlede jaar verlaat het.

Die S.R. het gevoel dat hulle nie hulle pligte na die beste van hulle vermoënis kan behartig indien hulle nog die bykomende laste ook moet dra nie en vandaar die besluit op 'n tussenverkiesing.

In die verlede was die tussenverkiesings nog nooit veel van 'n sukses nie, omdat die mense nie genoeg belangstelling getoon het nie. Dit is egter tyd dat ons as studente sal besef dat die Studenteraad 'n raad is wat gekies word deur die studente vir die studente. Hulle word nie maar gekies vir spek en boontjies nie, maar omdat hulle 'n taak het om te verrig in belang van die studentegemeenskap.

Daarom behoort ons ons belangstelling in hulle en hulle werksaamhede te toon en moet ons elkeen ons plig doen deur ons stemme uit te bring op dié persone wat as individue hulle plekke kan volstaan, maar ook terselfdertyd kan saamwerk om van ons Studenteraad 'n hegte eenheid te maak.

**Ons moet onthou dat hierdie mense namens ons gaan optree en daarom is dit ons plig om te stem vir dié persone wat ons vertroue waarig is en wat bowe-al mense is wat die eer van ons Alma Mater steeds as hulle eie eer sal beskou.**

# P.E. WIL NIE WEER AUSTIN HÊ NIE

**VAN die beoogde dertigduisend Joolmotorkompetisiekaartjies wat vanjaar verkoop moet word, is agtduisend alreeds van die hand gesit. Daar bly nog twee-en-twintigduisend kaartjies oor wat binne twee weke verkoop moet word.**

**„Of ons dit gaan regkry sal alleen afhang van die bereidwilligheid van al die studente veral die eerstejaars, om hulle volle steun aan ons toe te sê," het mnr. Johan Beukes, konvenor van Verkope, aan DIE MATIE verklaar.**

Tydens die Wingerdfees in die Paarl was dit veral die eerstejaardametjies wat onvermoeid en met mooi glimlaggies gesorg het daar al vierduisend kaartjies in bietjie meer as 'n week verkoop is. Sommige van hulle het tot meer as sestig in een aand verkoop.

Ons hoop dat hulle ook môre sal wys waartoe hulle instaat is wanneer vierhonderd studente (tien busse) na die stad vertrek en een bus na Worcester om die mense daar van Motorkompetisie-kaartjies te voorsien.

### AUSTIN

Daar is vanjaar 'n Austin A50 op die spel. Hoewel die afmetings van die glashouer waarin die koeëlaars gepak is, verander het, bly die deursnit van die koeëlaars dieselfde as dié van verlede jaar. Die kompetisie bly verder dieselfde. Die toekomstige eienaar van die swart motor moet net die getal koeëlaars in die houer reg bereken.

### TELEURSTELLING

Die houer is gedurende die vakansie in die kusdorpe vertoon. Vier persone, o.a. mnre. Johan Beukes, Mills Groeneveld, Koos van Huyssteen en Leon Bartel het die toer onderneem. Altesaam is drie-duisend kaartjies op die toer verkoop waarvan eenduisend ses-honderd in Port Elizabeth. £200 hou ietwat van 'n teleurstelling in as 'n mens in ag neem dat P.E. die wenner van verlede jaar se kompetisie opgelewer het.

Dit word toegeskryf aan die uiters swak bystand wat die studente vanuit daardie deel verleen het. Enkeles soos Louisa van Vuuren was darem 'n groot riem onder die hart.

### BEREKENINGS

Volgens mnr. Mills Groeneveld, konvenor van ontvangs, is daar alreeds duisend kaartjies terug gestuur. Hiervan is tweeduisend koerantinskrywings en die berekenings wissel weereens van een na 'n miljoen.

Daar moet op gewys word dat studente alles in hulle vermoë moet doen om die verkope te bevorder. „In die verlede het ons sleg afgesteek teen Ikeys wat elke jaar meer as veertigduisend van hulle kompetisiekaartjies verkoop. As elke student net een kaartjie vir homself koop, sal ons die kompetisie al 'n groot stoot vooruit gee," het mnr. Beukes in 'n onderhoud verklaar.

## Vragmotors!

**Ons het vragmotors vir die vlotte sowel as vir vervoer baie dringend nodig. Persone wat weet van boere of besighede wat gewillig sal wees om hulle vragmotors gewilliglik af te staan, moet tog asseblief so gou moontlik met mnr. Flip Oosthuizen, Kamer 47, Huis Marais in verbinding tree. Die vragmotors is vanjaar uiters skaars.**

# A.S.B.-toer na Natal

**'N BOOTREIS na Durban en daarna 'n besoek per luukse bus aan al die besienswaardige plekke in Natal, Swaziland en Zoeloeland, word behels in die toer wat die Afrikaanse Studentebond in medewerking met die Bantoestudiekring, vir die wintervakansie beplan.**

Die toergeselskap wat uit sowat veertig lede sal bestaan, vertrek op Saterdag, 25 Junie met die Stirling Castle na Durban. Onderweg sal by Port Elizabeth aangedoen word waar 'n besoek per luukse bus aan die bekende Addo reservaat gedoen sal word.

### LUUKSE BUS

Vanaf Durban reis die geselskap per luukse bus vir nege dae deur Natal, Swaziland en Zoeloeland. Al die besienswaardigste plekke soos Howick, die Natalse Nasionale Park, Mount-Aux-Sources en die Hhluhluwe-reservaat met sy wit- en swartrenosters sal besoek word.

Besonder interessant is 'n besoek aan die Havelock Asbesmyne. Hierdie myne is d.m.v. kabelspoor oor die berge, verbind met Barberton, 'n afstand van veertien myl.

### BANTOE

Die toer sal vir persone wat belangstel in die Bantoe, van besondere belang wees, aangesien by talle belangrike sentra soos Eshowe en Bremersdorp aangedoen sal word. Daar sal dus heelwat geleentheid vir belangstellendes wees om die stamme in hulle natuurlike tuiste te bestudeer.

Vir diegene wat net vakansie wil hou, beloof die toer ook om besonder aangenaam te wees. Die plekke waar aangedoen word, is van Suid-Afrika se gewildste vakansie-oorde.

**Verdere besonderhede kan by die Studenteraadskantoor of die bestuur van die Bantoestudiekring verkry word.**


Die Panorama

MAAK U TUIS BY DIE PAN

GOEIE KOS

GOEIE MUSIEK

PLESIERIGE ATMOSFEER

ANDRINGASTRAAT Foon 1091

MAAK

DIE KOÖP

U WINKEL

CARL BERGH

*Makers van Goeie Klere*

PLEINSTRAAT

Foon 477 STELLENBOSCH

SANLAM

Bied Aan:

1. Sekuriteitspolisse
2. Beroepspolisse

Van Rhyneveldstraat 30

STELLENBOSCH

Foon 1073

Wyksbestuurder:

ROB. ENGELA

U KRY DIT BY

Die C.S.V.-Boekhandel

IN PLEINSTRAAT

★ Bybels - Gesangboeke - Hallelujaboeke

★ Stigtelike Lektuur in Afrikaans en Engels

★ Gekeurde Romans en Verhale — plus . . .

★ Vriendelike en Flinke Bediening

U Word Vriendelik Uitgenooi om u Ledige Uurtjies — Hier Deur te Bring —

APTEKERS

*Probeer Ons*

*Vir Afdrukke*

*En Vergrotings*

*Van U Negatiewe*

GROOT VERSKEIDENHEID VAN KAMERAS

JOERNING EN SEUN

(EIENS.) BPK.

FOON 24

H/v BIRD- en PLEINSTR.,

STELLENBOSCH




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER

STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiery RA136